# Gebedsbulletin
# No. 11 van 2024
## 17 Maart 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Hoe weet jy of jou keuses in lyn is met God se wil?

Hoe weet jy of die keuses, wat jy maak, die regte keuses is? Hoe weet jy wat God se wil vir jou lewe is? Sulke vrae klop dikwels aan jou lewensdeur, as jy ernstig oor jou geloof is. Jy wil graag weet wat God se wil is, want jy wil daarvolgens handel. Die Bybel deel 'n klompie lewensbelangrike beginsels hieroor met ons. Een beginsel, wat egter kop en skouers bo die res uittroon, word as volg in Kolossense 3:17 verwoord: "Wat julle ook al doen of sê, doen dit alles in die Naam van die Here Jesus. So sê julle vir God die Vader dankie deur Hom." (NNT Vertaling)

God se eer moet voorop staan in alles, wat jy dink, sê en doen. Jy moet jouself dus in elke besluit, wat jy neem afvra, hoe jou keuses jou lewe se fokus na God toe sal verskuif. Sal jou besluit 'n luidkeelse dankie uitbasuin in Sy rigting? Sal dit veroorsaak dat ander mense God beter raaksien? Sal jou keuse van 'n nuwe werk, 'n nuwe adres, 'n nuwe vriend of 'n ander leefstyl tot gevolg hê dat God regtig vereer word, of gaan jou keuse net jouself bevoordeel?
Onthou, jou keuses gaan nooit eerste oor jóú gerief, jóú voordeel, of jóú veiligheid nie. Dit gaan oor die Here, tot wie se lof en eer jy leef.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Annika Kilian
Jaco Steenkamp
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Jillian Jansen
Willie Britz
Jaap Naudé
Flippie Roslee
Tannie Bets Coetzee
Annetjie Pienaar
Amoré Alberts

Willie Viljoen
Tannie Rina vd Vyver
Ockie Fourie
Johnny Viviers
Jurie Matthee
Annie Brink
Tannie Poppie Reyneke

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN










**Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .**
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in